# FAKKEL-FLITSE

*Weeklikse nuusflitse vir 'n ingeligte Framesby-familie!*

Hoërskool Framesby
HANDHAAF EN BOU

**UITGAWE 249 · 1 OKTOBER 2021**


Kontakbesonderhede: mediasentrum@framesby.co.za

# VOLLE SPORTPROGRAM SKOP 11 OKTOBER AF!




**HIERDIE WEEK SE FAKKEL-FLITSE WORD MET TROTS GEBORG DEUR:**
**SUNRIDGE VILLAGE**

SUNRIDGE VILLAGE
Centre Managment:
041 360 9442
SUNRIDGE VILLAGE
Kragga Kamma Road,
Sunridge Park
SUNRIDGE VILLAGE
GENERATED POWER 24/7

# UIT DIE HOOF SE KANTOOR

Beste Ouers

Ek haal Jakobus 5 vers 16 aan: “Bely julle sondes eerlik teenoor mekaar en bid vir mekaar, sodat julle gesond kan word. Die gebed van ‘n gelowige het ‘n kragtige uitwerking”. Mag dit vir ons almal waar wees.

Ons het met leedwese verneem van die afsterwe van Ilizrie Vorster (Graad 11) en Hugo Ferreira (Graad 9) se Pa’s onderskeidelik. Mev. Yvette van Rooyen, een van ons personeellede, het ook haar pa aan die dood afgestaan. Ons gebede is met hierdie families. Mag ons Hemelse Vader hulle ook in hierdie tyd besonder bystaan en vertroos.

Ek wil graag die volgende belangrike sake onder u aandag bring:

A) GRAAD 8 TOT 12 LEERDERS
Alle graad 8 tot 12 leerders keer Maandag, 11 Oktober na die skool terug. Ons begin met Dag 1. U vind aangeheg die kwartaalprogram. Die laaste dag vir ons graad 12-leerders is Vrydag, 15 Oktober.

Ouers, u moet asb. u kind(ers) aanmoedig om die Covid-regulasies streng na te volg.

B) SLAAGVEREISTES
Bestudeer asseblief die onderstaande slaagvereistes deeglik.

Grade 10 – 12
40% vir Huistaal
40% vir twee ander vakke
30% vir drie ander vakke

Grade 8 - 9
50% vir Huistaal
40% vir Eerste Addisionele Taal
40% vir Wiskunde
40% in nog 3 ander vakke
30% in 2 ander vakke

C) AKADEMIESE VERPLIGTINGE VAN LEERDERS
Daar is leerders wat nie hul akademiese verpligtinge nakom nie. Ons, doen ‘n beroep op u om met u kind(ers) ‘n opvoedkundige gesprek hieroor te hê.

D) KWARTAALVERSLAE VAN DIE DERDE KWARTAAL
Wanneer u die kwartaalverslag ontvang, moet u asseblief as volg te werk gaan:
- Werk die verslag deeglik sáám met u kind deur.
- Stel ‘n aksieplan op hoe u kind sy/haar uitslae kan verbeter.

E) EKSAMENS
Onderstaande eksamen inligting word aan u vir die vierde kwartaal gekommunikeer:

| | | |
|---|---|---|
| Dinsdag, 19 Oktober | Graad 12 | NSS eksamen begin [FINALE ROOSTER AANGEHEG] |
| Woensdag, 27 Oktober | Graad 10 en 11 | Finale eksamen begin |
| Maandag, 8 November | Graad 8 en 9 | Finale eksamen begin |

Eksamenroosters vir Graad 8 tot 11 volg in die eerste nuusbrief van die vierde kwartaal.

F) KONTAKBESONDERHEDE
Indien u kontakbesonderhede verander, lig die skool onmiddellik in per e-pos: inligting@framesby.co.za
Dit is belangrik dat ons u korrekte kontakbesonderhede het, ingeval van ‘n nood.

G)WOLKSKOOL

Ons moedig leerders aan om van hierdie platvorm gebruik te maak, ook ter voorbereiding vir die finale eksamen. Indien daar leerders is wat nog nie van die platvorm gebruikmaak nie, of nie weet hoe nie, moet hulle asseblief vir Mev. C Loftus by die volgende e-posadres kontak: cloftus@framesby.co.za

H) REKENAARNETWERK
Alle leerders is nou op die skool se rekenaarnetwerk gelaai. Mnr. B van der Berg is bewus van leerders wat probleme

SUNRIDGE VILLAGE Centre Managment: 041 360 9442 SUNRIDGE VILLAGE Kragga Kamma Road, Sunridge Park SUNRIDGE VILLAGE GENERATED POWER 24/7

ervaar en sal dit in die eerste week van volgende kwartaal aanspreek.

I) BUITEMUURSE AKTIWITEITE
Ons volle buitemuurse program sal in die vierde kwartaal gevolg word. Hou ook die weeklikse fakkelflits in die oog vir verdere inligting.

J) SKOOLSLUITING
Neem kennis dat die skool vir alle leerders en personeel op die 15de Desember sluit.

K) GRAAD 12-PRESTASIE/DERDE KWARTAAL
Ons graad 12-leerders het hul baie goed van hul taak in die derde kwartaal gekwyt.
Uit die sewentien vakke wat ons aanbied, het een van hierdie vakke ‘n 70%-gemiddeld en hoër. Die vak is: Musiek

Uit die sewentien vakke wat ons aanbied, het agt van hierdie vakke ‘n 60%-gemiddeld en hoër. Die vakke is:
Afrikaans Huistaal
Engels Eerste Addisionele Taal
Engels Huistaal
Wiskunde
Inligtingstegnologie
Lewenswetenskappe
Fisiese Wetenskappe
Toerisme

Daar is 12 leerders met ‘n gemiddeld van 80% en hoër. Baie geluk aan hierdie leerders met die puik prestasies.

L) GRAAD 11-PRESTASIE/DERDE KWARTAAL
Ons graad 11-leerders het uitstaande presteer en ‘n duidelike opwaartse kurwe is sigbaar.
Uit die agtien vakke wat ons aanbied, het nege van hierdie vakke ‘n 70%-gemiddeld en hoër. Die vakke is:
Engels Huistaal
Engels Eerste Addisionele Taal
Dramatiese Kunste
Lewensoriëntering
Rekeningkunde
IGO
Lewenswetenskap
Musiek
Toerisme

Uit die agtien vakke wat ons aanbied, het vier van hierdie vakke ‘n 60%-gemiddeld en hoër. Die vakke is:
Besigheidstudies
Geografie
Fisiese Wetenskap
Afrikaans Huistaal

Daar is 25 leerders met ‘n gemiddeld van 80% en hoër. Baie geluk aan hierdie leerders met puik prestasies.

M) GRAAD 10-PRESTASIE/DERDE KWARTAAL
Ons graad 10-leerders het uitstaande presteer en ‘n duidelike opwaartse kurwe is sigbaar.

Uit die agtien vakke wat ons aanbied, het ses van hierdie vakke ‘n 70%-gemiddeld en hoër. Die vakke is:
Engels Huistaal
Engels Eerste Addisionele Taal
Dramatiese Kunste
Lewensoriëntering
IGO
Musiek

Uit die agtien vakke wat ons aanbied, het sewe van hierdie vakke ‘n 60%-gemiddeld en hoër. Die vakke is:
Rekeningkunde
Inligtingstegnologie
Geografie
Fisiese Wetenskap
Toerisme

SUNRIDGE VILLAGE Centre Managment: 041 360 9442 SUNRIDGE VILLAGE Kragga Kamma Road, Sunridge Park SUNRIDGE VILLAGE GENERATED POWER 24/7

Wiskunde
Rekenaartoepassingstegnologie

Daar is 32 leerders met ‘n gemiddeld van 80% en hoër. Baie geluk aan hierdie leerders met die puik prestasies.

N) GRAAD 9-PRESTASIE/DERDE KWARTAAL
Daar is ‘n mooi verbetering in ons graad 9-leerders se uitslae.

Uit die tien vakke wat ons aanbied, het vier van hierdie vakke ‘n 70%-gemiddeld en hoër. Die vakke is:
Engels Huistaal
Tegnologie
Kreatiewe Kunste
Lewensoriëntering

Uit die tien vakke wat ons aanbied, het vier van hierdie vakke 60%-gemiddeld en hoër. Die vakke is:
Afrikaans Huistaal
Engels Eerste Addisionele Taal
Ekonomiese en Bestuurswetenskappe
Natuurwetenskappe
Sosiale Wetenskappe

Daar is 62 leerders met ‘n gemiddeld van 80% en hoër. Baie geluk aan hierdie leerders met die puik prestasies.

O) GRAAD 8-PRESTASIE/DERDE KWARTAAL
Daar is ‘n mooi verbetering in ons graad 8-leerders se uitslae.

Uit die tien vakke wat ons aanbied, het vier van hierdie vakke ‘n 70%-gemiddeld en hoër. Die vakke is:
Lewensoriëntering
Ekonomiese- en Bestuurswetenskape
Engels Huistaal
Tegnologie

Uit die tien vakke wat ons aanbied, het twee van hierdie vakke ‘n 60%-gemiddeld en hoër. Die vakke is:
Kreatiewe Kunste
Natuurwetenskappe

Daar is 55 leerders met ‘n gemiddeld van 80% en hoër. Baie geluk aan hierdie leerders met die puik prestasies.

P) TOP 20
Die top twintig word bereken volgens die prysuitdelingkriteria vir klasposisies:

Graad 10 tot 12
Die totaal van alle vakke, behalwe Lewensoriëntering.

Graad 8 en 9
Die totaal van alle vakke, met die uitsondering van Skeppende Kunste, Tegnologie en Lewensoriëntering.

Baie geluk aan die volgende leerders wat pragtig presteer het om die top 20 klasposisie in elke graad te behaal.

Ek dank u vir u volgehoue ondersteuning. Soos ek dikwels vir u sê: die toekoms van Hoërskool Framesby is blou en goud! Kom ons werk almal saam om dit so te hou.

MARIUS GERMISHUYS
SKOOLHOOF

SUNRIDGE VILLAGE Centre Managment: 041 360 9442 SUNRIDGE VILLAGE Kragga Kamma Road, Sunridge Park SUNRIDGE VILLAGE GENERATED POWER 24/7

# AKADEMIESE TOP 20

Baie geluk aan die volgende leerders wat pragtig presteer het om die top 20-klasposisie in elke graad te behaal:

**GRAAD 8 TOP 20 - SEPTEMBER 2021**

| | | | |
|---|---|---|---|
| 1 | VOSLOO, Alouise | 567 | 94,5 |
| 2 | DU PLESSIS, Esmari | 565 | 94,2 |
| 3 | ROSSOUW, Anke | 561 | 93,5 |
| 4 | TERBLANCHE, Leander | 554 | 92,3 |
| 5 | RETIEF, Ané | 553 | 92,2 |
| 6 | DE BEER, Anri | 548 | 91,3 |
| | ODENDAAL, Elzé | 548 | 91,3 |
| 8 | KOEN, Mieke | 547 | 91,2 |
| 9 | FOURIE, Tobias | 545 | 90,8 |
| 10 | FOURIE, Milayke | 544 | 90,7 |
| 11 | BOUWER, Meriska | 543 | 90,5 |
| 12 | WESSELS, Dewan | 539 | 89,8 |
| 13 | HORNE, Katie | 538 | 89,7 |
| 14 | CLAASSEN, Evan | 535 | 89,2 |
| 15 | ELS, Cornelius | 534 | 89,0 |
| 16 | LOUW, Ryan | 528 | 88,0 |
| 17 | VAN JAARSVELD, Kaitlyn | 527 | 87,8 |
| 18 | PRINSLOO, Christo | 525 | 87,5 |
| 19 | GREEFF, Ilani | 524 | 87,3 |
| | MEIRING, Alexia | 524 | 87,3 |

**GRAAD 9 TOP 20 - SEPTEMBER 2021**

| | | | |
|---|---|---|---|
| 1 | BOTHA, Anri | 585 | 97,5 |
| 2 | NELL, Lara | 584 | 97,3 |
| 3 | BEZUIDENHOUT, Nianke | 579 | 96,5 |
| 4 | ZEELIE, Quiné | 570 | 95,0 |
| 5 | KOTZE, Chanté | 565 | 94,2 |
| 6 | MARAIS, Carike | 564 | 94,0 |
| 7 | CLASSEN, Nicole | 551 | 91,8 |
| | ROUSSEAU, Ryan | 551 | 91,8 |
| 9 | NELL, Jason | 550 | 91,7 |
| | VLOK, Suzanne | 550 | 91,7 |
| 11 | ACKERMANN, Melandré | 546 | 91,0 |
| | MYBURGH, Xander | 546 | 91,0 |
| 13 | STRYDOM, Marie-Louise | 545 | 90,8 |
| 14 | GOUWS, Amari | 543 | 90,5 |
| 15 | VAN DER MERWE, Milla | 541 | 90,2 |
| 16 | PEENS, Tiaan | 534 | 89,0 |
| 17 | DU PREEZ, Karlé | 523 | 87,2 |
| 18 | STEYN, Chloé | 518 | 86,3 |
| 19 | WESTRAAD, Zander | 516 | 86,0 |
| 20 | KLEINHANS, Roché | 515 | 85,8 |
| | LOUW, Simoné | 515 | 85,8 |

**GRAAD 10 TOP 20 - SEPTEMBER 2021**

| | | | |
|---|---|---|---|
| 1 | OOSTHUIZEN, Heila | 566 | 94,3 |
| 2 | VAN JAARSVELD, Elanca | 548 | 91,3 |
| | VERMAAK, Duston | 548 | 91,3 |
| 4 | OTTO, Milla | 538 | 89,7 |
| 5 | FOURIE, Herman | 531 | 88,5 |
| 6 | GELDENHUYS, Chanté | 528 | 88,0 |
| 7 | STEYN, Chanélle | 527 | 87,8 |
| 8 | DE RIDDER, Anika | 521 | 86,8 |
| 9 | HATTINGH, Ilze | 519 | 86,5 |
| | WHITTLE, Juan | 519 | 86,5 |
| 11 | GELDENHUYS, Justin | 516 | 86,0 |
| 12 | VAN RENSBURG, Christél | 515 | 85,8 |
| 13 | CONRADIE, Incke | 508 | 84,7 |
| | VAN SCHALKWYK, Kristien | 508 | 84,7 |
| 15 | LA GRANGE, Lucy | 507 | 84,5 |
| 16 | VENTER, Déwan | 504 | 84,0 |
| 17 | VOSLOO, Francois | 499 | 83,2 |
| 18 | VENTER, Madelein | 491 | 81,8 |
| 19 | JONCK, Anabelle | 490 | 81,7 |
| 20 | BLACK, Zanri | 489 | 81,5 |

**GRAAD 11 TOP 20 - SEPTEMBER 2021**

| | | | |
|---|---|---|---|
| 1 | STAPELBERG, Thriscka | 538 | 89,7 |
| 2 | SCHEFFER, Anke | 528 | 88,0 |
| 3 | NORTJÉ, Tiaan | 527 | 87,8 |
| 4 | KOEN, Tristan | 526 | 87,7 |
| 5 | VLOK, Liané | 515 | 85,8 |
| 6 | BOTHA, Anzelle | 513 | 85,5 |
| 7 | SHARP, Marno | 506 | 84,3 |
| 8 | VAN WYK, Ruben | 504 | 84,0 |
| 9 | VENTER, Gerhard | 502 | 83,7 |
| 10 | VAN NIEUWENHUIZEN, Cari | 499 | 83,2 |
| 11 | VAN ROOYEN, Tuané | 496 | 82,7 |
| 12 | STRAUSS, Josie-Lee | 495 | 82,5 |
| | VENTER, Monique | 495 | 82,5 |
| 14 | DE KLERK, Enzo | 490 | 81,7 |
| | JAMNECK, Alexander | 490 | 81,7 |
| | LE GRANGE, Melissa | 490 | 81,7 |
| 17 | LAMPRECHT, Jana | 489 | 81,5 |
| 18 | VAN DER WATT, Lenay | 488 | 81,3 |
| 19 | VOSLOO, Jannes | 487 | 81,2 |
| 20 | VAN ZYL, Théan | 482 | 80,3 |

**GRAAD 12 TOP 20 - SEPTEMBER 2021**

| | | | |
|---|---|---|---|
| 1 | DU RANDT, Simoné | 550 | 91,7 |
| 2 | SMITH, Shanel | 532 | 88,7 |
| 3 | VAN STADEN, Leoné | 530 | 88,3 |
| 4 | BOUWER, Tiaan | 527 | 87,8 |
| | VLOK, Nikhe | 527 | 87,8 |
| 6 | STRAUSS, Lara | 508 | 84,7 |
| 7 | LE GRANGE, Simoné | 499 | 83,2 |
| | POTGIETER, Ruark | 499 | 83,2 |
| 9 | VILJOEN, Clarisse | 495 | 82,5 |
| 10 | BEZUIDENHOUT, Jimé | 492 | 82,0 |
| 11 | JANSE VAN RENSBURG, Chandré | 487 | 81,2 |
| 12 | SCHMIDT, Danelle | 477 | 79,5 |
| 13 | VAN RENSBURG, Chrystal | 473 | 78,8 |
| 14 | KOTZÉ, Ischke | 470 | 78,3 |
| 15 | BASSON, Karla | 467 | 77,8 |
| | BEKKER, Tenique | 467 | 77,8 |
| 17 | VAN RHYN, Tana | 461 | 76,8 |
| 18 | GELDENHUYS, Lianca | 459 | 76,5 |
| | O'NEILL, Roché | 459 | 76,5 |
| 20 | VAN HEERDEN, Shani | 457 | 76,2 |




SUNRIDGE VILLAGE
Centre Managment:
041 360 9442
SUNRIDGE VILLAGE
Kragga Kamma Road,
Sunridge Park
SUNRIDGE VILLAGE
GENERATED POWER 24/7

# 55 A-KANDIDATE!

**Die volgende leerders spog met 'n A-gemiddeld (alle vakke in ag geneem).**

## GRAAD 8


TALUSCHKA BOSHOFF 84%


NICOLE BOTHA 85%


MERISKA BOUWER 90%


ELNÉ BURGER 83%


EVAN CLAASSEN 90%


ANRI DE BEER 91%



JJ DE LANGE 82%


ZANTÉ DEKKER 81%


MARKO DELPORT 84%


ESMARI DU PLESSIS 94%


PIETER ELS 88%


LOGAN FLEETWOOD 80%


MILAYKA FOURIE 92%


TOBIE FOURIE 92%


ANGUS-JOHN GLAUM 80%


NATHAN GOOSEN 81%


ILANI GREEF 90%


MIA HARMSE 82%


COLE HILPERT 80%


KATIE HORNE 89%


MIEKE JAMNECK 83%


ZANÉ JUBBER 84%


JACO KILIAN 86%


DIVAN KOEN 86%


MIEKE KOEN 92%


LEAH LANDMAN 82%


ZANE LIEBENBERG 87%


RYAN LOUW 86%


ALEXIA MEIRING 88%


KAYDEN MYBURGH 87%


ELZÉ ODENDAAL 92%


LUCOUW OOSTHUIZEN 86%


CHRISTO PRINSLOO 88%


ANÉ RETIEF 92%


ANKE ROSSOUW 93%


BEA-NÉ SCHOEMAN 84%

# 55 A-KANDIDATE!

Die volgende leerders spog met 'n A-gemiddeld (alle vakke in ag geneem).

## GRAAD 8



LENNUSHKA SCHÖLLY 81%


MIKAYLA SCHOULTZ 88%



JANI SLABBERT 87%


CASEY-LEE SMITH 82%


CHRISTELLE STANDER 84%


ETHAN TERBLANCHE 82%


LEANDER TERBLANCHE 92%


MILAN TERBLANCHE 81%


SIMONÉ TOBIAS 82%


ANÉ VAN DER MESCHT 80%


BASTIAN VAN HEERDEN 83%


HAYLEY VAN JAARSVELD 86%


KAITLYN VAN JAARSVELD 90%



KEISHA-LILLY VAN NIEKERK 81%



REZE VAN ROOYEN 86%



HANRIKO VAN WYNGAARDT 81%


ZADÉ VLOK 86%


ALOUISE VOSLOO 93%


DEWAN WESSELS 88%



# 62 A-KANDIDATE!

**Die volgende leerders spog met 'n A-gemiddeld (alle vakke in ag geneem).**

## GRAAD 9


JASON NELL
91%


LARA NELL
97%


ANKE NIEMAND 86%


TIAAN PEENS
88%


TIAN PRETORIUS
82%


BRENDEN-SHAUN
ROODT 87%


CARLIE ROSSLEE
85%


RYAN ROUSSEAU
90%


KEELIN SLABBERT
84%


JANI SMITH
82%


CHLOE STEYN
87%


MARIE-LOUISE
STRYDOM 91%


TEHNE STRYDOM
82%


JEMINE
SYPHUS-MANN 81%


MILLA VD MERWE
92%


TALEAH VAN DEVENTER
80%


CARLA VAN JAARSVELD
80%


HANRO VAN JAARSVELD
83%


SUNE VAN VUUREN
83%


LACHÉ VENTER
91%


SERITA VENTER
94%



KARLIEN VERWEY
86%



ZANIE VLOK
90%


ZANDER WESTRAADT
86%


KYRA WEYERS
85%



QUINÉ ZEELIE
94%














$I = \frac{U}{R}$



# 32 A-KANDIDATE!

**Die volgende leerders spog met 'n A-gemiddeld (alle vakke in ag geneem).**

## GRAAD 10


DIVAN BESTER
80%


ZANRI BLACK
84%


INCKE CONRADIE
85%


WIEHAHN DE LANGE
80%


ANIKA DE RIDDER
89%


MELISSA DILLON
82%


DANIELLE DU PREEZ
83%


KAYLEIGH ERASMUS
82%


HERMAN FOURIE
88%


CHANTÉ
GELDENHUYS 89%


JUSTIN
GELDENHUYS 88%


ZANE GRUNDLING
80%


ILZE HATTINGH
88%


ANNABELLE JONCK
81%


MARLI KRUGER
82%


LUCY LE GRANGE
86%


MEGAN LANDMAN
82%


JENNA O'EHLEY
81%


HEILA OOSTHUIZEN
94%



MILLA OTTO
90%


NIKETA PIENAAR
81%


MARCO SPRONG
80%


CHANéLLE STEYN
89%


ELANCA VAN
JAARSVELD 93%


CHRISTEL VAN
RENSBURG 86%


KRISTIEN VAN
SCHALKWYK 85%


RUAN VAN STADEN
81%



DÉWAN VENTER
85%


MADELEIN VENTER
81%


DUSTON VERMAAK
92%


FRANCOIS VOSLOO
84%


JUAN WHITTLE
88%



# 25 A-KANDIDATE!

Die volgende leerders spog met 'n A-gemiddeld (alle vakke in ag geneem).

## GRAAD 11


ANZELLE BOTHA
86%


TIAAN DE BEER
81%


NICOLA FERREIRA
82%


ELMIEN HARTSLIEF
81%


ALEX JAMNECK
82%


TRISTAN KOEN
85%


JANA LAMPRECHT
80%


MELISSA LE GRANGE
84%


SHANI NIEKERK
81%


TIAAN NORTJE
89%


ANKE SCHEFFER
89%


MARNO SHARP
86%


THRISCKA STAPELBERG 90%


JOSIE-LEE STRAUSS 85%


DENISE VAN DER SPUY
81%


LENAY VAN DER WATT
83%


CARI VAN NIEUWENHUIZEN 85%


TUANé VAN ROOYEN
84%


RUBEN VAN WYK
84%


THEAN VAN ZYL
80%


GERHARD VENTER
83%


MONIQUE VENTER
82%


LIANÉ VLOK
85%


JANNES VOSLOO
83%


ANKE ZULCH
80%

# 12 A-KANDIDATE!

**Die volgende leerders spog met 'n A-gemiddeld (alle vakke in ag geneem).**

## GRAAD 12



**JIMÉ BEZUIDENHOUT** 80%




**TIAAN BOUWER** 87%



**SIMONÉ DU RANDT** 91%



**CHANDRÉ JANSE VAN RENSBURG** 80%



**SIMONÉ LE GRANGE** 83%



**RUARK POTGIETER** 81%



**DANELLE SCHMIDT** 80%



**SHANEL SMITH** 88%



**LARA STRAUSS** 83%




**LEONÉ VAN STADEN** 87%



**CLARISSE VILJOEN** 83%



**NIKHE VLOK** 85%



# TENNIS

Twee van Framesby se tennisspelers het die afgelope naweek aan 'n Interpro Toernooi in Kaapstad deelgeneem. Dit was 'n naweek met baie wedstryde en sterk kompetisie, maar ons leerders het saam met hulle spanmaats deurgedruk.

Leila Nel het die EC Aloes verteenwoordig. Hulle het teen verskeie spanne van die Wes-Kaap deelgeem. Die EC Aloes behaal 'n algehele 2de plek. Baie geluk Leila.

Keaton Holm het sy span as nommer 1 op die ranglys verteenwoordig. Dit was 'n moeilike toernooi, aangesien hy in die 0/19-groep gespeel het. Dit was op die ou end 'n naweek van goeie ondervinding en elke speler het sy/haar beste gegee.







# ATLETIEKBYEENKOMS

Zanri Black het onlangs aan 'n EPA Liga Atletiekbyeenkoms by die Oval deelgeneem. Sy het die volgende uitslae behaal: tweede plek in die 400m, eerste plek in die 200m en 'n vierde plek in die 100m. Dit was nie 'n skoolbyeenkoms nie en Zanri het dus vir haar klub, ACT, deelgeneem.





SUNRIDGE VILLAGE Centre Managment: 041 360 9442 SUNRIDGE VILLAGE Kragga Kamma Road, Sunridge Park SUNRIDGE VILLAGE GENERATED POWER 24/7

## ILKE DANS 'N SILWER LOS

Ilke Wolmarans, gr.8E, het onlangs aan die PEDF as deel van 'n moderne dansgroep deelgeneem en het ook 'n moderne solo gedans. Sy het vir al twee optredes 'n silwer medalje ontvang.




## LEANDRI DOEN DIT WEER

Leandri Wessels (Gaad 11A) en haar perd Nasheeta, is vir die Eastern Cape Western Mounted Games-span (Junior Level 3) gekies. Sy gaan aan die South African Western Mounted Games National Championship vanaf 3 - 6 Oktober in Parys, Vrystaat, deel te neem.

Leandri en haar perd is ook verder gekies om aan die SAWMGA Elite Invitational Top 50 kompetisie (Top 50 ruiters in die land) deel te neem. Dit vind op 5 - 6 Oktober 2021 in Parys, Vrystaat plaas.



## MONITORBESTUUR LIEFDADIGHEIDSPROJEK:

Die uittredende monitorbestuur van 2021 sluit hul termyn met 'n laaste liefdadigheidsprojek – WithLuv-af. Die organisasie skenk maandeliks geskenkpakkies aan kankerpasiënte wat met chemoterapie begin. Die pakkies bevat praktiese items wat hulle dan tydens en na hul behandeling kan gebruik.

In samewerking met die skool, kon die MB's meer as 50 sakke aan die organisasie skenk. Die geskenkpakkies is met groot dankbaarheid ontvang.

Dankie aan almal, wie se bydra die projek moontlik gemaak het.



## GHOLF UITSLAE:

Drie van Framesby se Gholfspelers het OP in 'n driehoekige toernooi verteenwoordig. Tydens die toernooi het OP, Grens en Suid-Kaap se spanne kragte gemeet!

V.l.n.r.
Ferdinand Röth,Zahn Scholtz en Hugh Moffat.



SUNRIDGE VILLAGE
Centre Managment:
041 360 9442
SUNRIDGE VILLAGE
Kragga Kamma Road,
Sunridge Park
SUNRIDGE VILLAGE
GENERATED POWER 24/7

## JOIN US
## FOR A FUN DAY

Hoërskool Framesby

HANDHAAF EN BOU

# FRAMESBY GOLF DAY

Sponsored by

**HUMEWOOD GOLF CLUB**

## 19 NOV 2021
## 4BBB

**R400 per person**

**Contact:**
**Christo: cscriven@framesby.co.za**
**Marine: mediasentrum@framesby.co.za**

**CORPORATE PACKAGES AVAILABLE**

HUMEWOOD GOLF CLUB SOUTH AFRICA

# MEDIASENTRUM



## OU VRAESTELLE

Leerders kan ou vraestelle verniet op 'n USB -stokkie laai, 'n vraestel-cd koop of teen 50c per bladsy laat afrol.

## BOEKE EN DVD'S

Leerders kan tydens pouses en na skool boeke en dvd's kom uitneem.

## NAVORSING EN DRUKWERK

Leerders kan tydens pouse en na skool verniet navorsing op die rekenaars kom doen. Take kan in kleur of swart en wit gedruk word.

## ONS VERKOOP DIE VOLGENDE:

Skoon cd's, vraestel-cd's, A4-kleurkarton, A3-kleurkarton, flipfile-sakkies, taakomslae, usb's en vele meer!

SUNRIDGE VILLAGE Centre Managment: 041 360 9442 SUNRIDGE VILLAGE Kragga Kamma Road, Sunridge Park SUNRIDGE VILLAGE GENERATED POWER 24/7

# Hoërskool Framesby

## IN VENNOOTSKAP MET BLUNDEN



HOËRSKOOL FRAMESBY

# BLUNDEN BUSDIENS

BLUNDEN
TRAVEL IN LUXURY ARRIVE IN STYLE

## VANAF JANUARIE 2022

Blunden, wat in 1970 in die Oos -Kaap gestig is, bedien al meer as 40 jaar die toeristebedryf in die provinsie en nasionaal. Vanaf 2022 het hul ook ‘n permanente roete na Hoërskool Framesby (PE - Uitenhage - Despatch).

Blunden verseker dat u kind in betroubare hande is met hul topklas bestuurders.



**VIR MEER INLIGTING**
KONTAK DIE SKOOLHOOF OP:
**041 360 1257**

# DIE HANGER

KLEREWINKEL

# Ramble Rugsak

**R 650 BESKIKBAAR IN DIE HANGER IN DIE VIERDE KWARTAAL.**

KWALITEIT

DUURSAAM



GEWAARBORGDE PRODUK

PLEK VIR NAAMPLAATJIE

SKOOLWAPEN GEBORDUUR

**Graad 8's van 2022 kan in die vierde kwartaal alreeds met aankope begin.**
**Die Hanger is weekliks oop van 08:00 - 11:00.**

# DIE KOSBLIK:

- Tye van die Kafeteria

  **06:00 – 18:00**
  **06:00 – 14:00** Slegs vir leerders en onderwysers.
  **14:00 – 18:00** Leerders, onderwysers en Framesby ouers.
  **14:30 – 18:00** Oudskoliere en Framesby-gemeenskap.

- Kaartfasiliteite (debiet/kredietkaarte), Snapscan en kontant kan gebruik word.

- Rapporteer probleme rakende die kafeteria aan me. L. Smit.

- Whatsapp bestellings: **Duanne Human 071 571 3648**.
  Plaas bestellings teen 8 vm vir middagete (Maandae - Vrydae).



## DIE KOSBLIK SAL GESLUIT WEES TYDENS DIE VAKANSIE EN SLUIT VRYDAG, 1 OKTOBER OM 14:00:



SUNRIDGE VILLAGE
Centre Managment:
041 360 9442
SUNRIDGE VILLAGE
Kragga Kamma Road,
Sunridge Park
SUNRIDGE VILLAGE
GENERATED POWER 24/7

# VERKOPE VAN ITEMS IS AS VOLG:

**06:00 - 18:00** - Snoepery items

**06:30 - 08:30** - Ontbyt

**06:30 - 17:30** - Toebroodjies en Tramezzini

**10:00 - 17:30** - Hamburgers, slaptjips, pasteie
(Bestel deur Whatsapp teen 08:00 vir 1ste pouse en teen 10:00 vir tweede pouse)

**12:00 - 15:00** - Middagetes
(Plaas bestelling teen 08:00 die oggend vir tweede pouse en na skool)

**14:00 - 17:30** - Afhaal van tuisgemaakte etes
(Slegs op bestelling 48 uur voor die tyd)

**14:00 - 17:30** - Afhaal van partytjie "platters"
(Slegs op bestelling 48 uur voor die tyd)



- Tye van die Kafeteria

  **06:00 – 18:00**
  **06:00 – 14:00** Slegs vir leerders en onderwysers.
  **14:00 – 18:00** Leerders, onderwysers en Framesby ouers.
  **14:30 – 18:00** Oudskoliere en Framesby-gemeenskap.

- Kaartfasiliteite (debiet/kredietkaarte), Snapscan en kontant kan gebruik word.

- Rapporteer probleme rakende die kafeteria aan me. L. Smit.

- Whatsapp bestellings: **Duanne Human 071 571 3648**.
  Plaas bestellings teen 8 vm vir middagete (Maandae - Vrydae).

SUNRIDGE VILLAGE
Centre Managment:
041 360 9442
SUNRIDGE VILLAGE
Kragga Kamma Road,
Sunridge Park
SUNRIDGE VILLAGE
GENERATED POWER 24/7

# Framesby Gemeenskap

Die KOSBLIK
Hoërskool Framesby



Die Kafeteria is vanaf 14:30 - 18:00 vir die Framesby-ouers, Framesby-gemeenskap sowel as oudskoliere oop.

Vir enige navrae kontak **Duanne Human 071 571 3648**
**wspe.framesbyhs@empactgroup.co.za**




SUNRIDGE VILLAGE
Centre Managment:
041 360 9442
SUNRIDGE VILLAGE
Kragga Kamma Road,
Sunridge Park
SUNRIDGE VILLAGE
GENERATED POWER 24/7

# FRAMESBY OUDSKOLIERE

## ONS GESELS MET:
## RIANA FERREIRA (NEé VAN DER MERWE)






*Riana Ferreira*

Ek het in 1986 gematrikuleer.

Ek dink met baie mooi herinneringe aan my tyd by Framesby en die vriendskappe wat tot vandag toe nog bestaan. Ons hou ons nog elke jaar ‘n klein “reünie” as ons maats van heide en verre Oos-Kaap toe kom gedurende die Desembervakansie. Mense het altyd gesê dat jy eendag gaan terug verlang na jou skooldae, en dis waar. Dit was lekker skooljare. Ons was sowat 248 skoliere in 1986 in matriek - een van die grootste wat Framesby nog gehad het.

Ons het vriende gemaak en gesels oor alles en niks. Ons het elke dag op iemand anders verlief geraak en ‘love’ letters geskryf en in die klas aangegee en dan op hete kole gesit en kyk hoe die briefie sy pad na die geliefde maak en hoe hulle reageer. Partykeer was ons punte goed ander dae minder goed en volgende keer het ons net harder geleer. Vandag kyk ek terug na goeie tye en het goeie “memories”, want dit het

SUNRIDGE VILLAGE Centre Managment: 041 360 9442 SUNRIDGE VILLAGE Kragga Kamma Road, Sunridge Park SUNRIDGE VILLAGE GENERATED POWER 24/7

my voorberei vir die lewe om die goed met die sleg te aanvaar, hard te werk vir dit wat ek wil bereik en die beste daarvan te maak. Skool het my geleer vasbyt.

Daar was nie eintlik baie bekommernisse nie, behalwe om so vroeg as moontlik by die skool te wees om jou huiswerk uit te ruil en om af te skryf - veral as die vak voor pouse val. Pouses kon jy nog met die huiswerk inhaal en my Rekeningkundeboek het sy normale draaie gemaak.

Ek het elke dag fiets skool toe gery. Wanneer die eerste klok lui, is die skoolhekke agter jou toegesluit en die laatkommers word gelys. Hulle gaan detensie, in die biblioteek sit. Voorskool staan ons in klasrye en word begroet met afkondigings. As die skool se deure toebly tydens afkondigings en daarna stadig oopmaak moet jy weet: maak los jou rokband om jou middel en laat sak die rok, want hier kom rok-inspeksie. Die soom moet bo jou knieë wees of jy word gehelp om die some los te maak. Haarinspeksie en naelinspeksie volg sommer soos jy instap skool toe. Mnr. Herman Koornhof het sy klaskamer net bo die trappe gehad en met sy skrefies oë jou deurgekyk en gangpraters gesoek. Niemand praat in die gange nie en jy loop in gelid agtermekaar. Hier en daar ruk hy 'n maat met 'n skewe das, gesakte kouse of los skoenveters uit.

Mnr. Dudley het Ekonomie gegee. Ek sal nooit vergeet hoe hy voor sy klasdeur staan en vir die laatlopers met: "Ek sluit my deuuuur" aanmoedig om vinniger te stap. Hy het so lekker gebrei. Ek en Ekonomie was nie lank maats nie, want ek moes lang opstelle oor vraag en aanbod skryf en al waarin ek belanggestel het, was die Minister van Finansies se begrotingsrede en belasting. Huishoudkunde in mev. Smal se klas was baie aanlokliker en toe maak ek my skuif tot groot verligting van mnr. Dudley. Die seuns het pouses al ons brousels kom opeet en ek het geleer van onderstebo pynappel poeding/tert, skons en 'high teas". My ma se koppies en pierings is elke kwartaal op en af tussen die huis en die skool vir die Huishoudkunde praktiese eksamens gedra.

Daar was of is 'n instelling by Framesby dat die skoolhoof, in my jare mnr. Johan Kritzinger, op sy verjaarsdag te "verras" en deur die matriekklas by sy huis te gaan haal . Ek kan onthou dat hy binne 'n hok, op 'n motorfiets, op 'n trok en met 'n doodskis






SUNRIDGE VILLAGE
Centre Managment:
041 360 9442
SUNRIDGE VILLAGE
Kragga Kamma Road,
Sunridge Park
SUNRIDGE VILLAGE
GENERATED POWER 24/7

al skool toe gebring was ondergroot toejuiging van die skoliere.

In 1985 het Framesby die eerste Afrikaans skool in die land geword wat met ‘n krieketspan oorsee toer. Hulle het in Engeland op die Lordsveld gespeel. Hulle het 9 eendagwedstryde teen sewe privaatskole en klubs gespeel waarvan hulle drie gewen, vier was onbeslis en een uitgereën het. In 1986 wen dié span vir die eerste keer teen Grey High op hulle veld. Ons matriekmeisies het ook rugby teen die onderwyseresse gespeel én gewen, 9-4. Ons was glo te fiks.

As die netbalseisoen aanbreek, kon ek en Oumies nie mekaar gou genoeg op my fiets na haar huis toe ‘lift’ nie. Daar het ons vinnig netbalklere aangetrek, nog middagete ingestop en terug skool toe gejaag - net betyds om ons spanmaats vir die laaste keer om die baan te sien hardloop vir opwarming. Daardie laaste kilometer maak ons beurte om so hard as wat ons kan te trap sodat ons met sweetgesigte opdaag en die netbalonderwyser oortuig:“Ons is mos klaar opgewarm”. Speel wou ons speel en as daardie bal nie deur die ring val nie, kry ek kyke hoor. Daar was hard gepraat op die baan. Nodeloos om te sê ek moes maar pouses doelskiet oefen.

Daar was goue jare met juffrou Juanita Lampbrecht wat met die Framesby-koor vir die pous gaan sing het en musiekfeeste bygewoon het. Ek was in die drama-klub en ons het met die dramastuk ”Bird Cage” in al wat ‘n kompetsie is onder leiding van Mnr. Stassen deelgeneem. Ons was ‘n klomp voëls in ‘n hok, elkeen in sy eie wêreld vasgevang en dan was daar die “wilde een” wat net wil wegbreek om vryheid te vind- dit is toe nou ek.

Ai, die Voortrekkers was heerlik. Die seunsspan was die “Uile” en ons die ‘Mossies”. Daar het ons knoopwerk gedoen, vlagparades geoefen, noodhulp geleer, morsekodes uitgewerk en naweke in die somermaande gaan kamp. Ons “army” tente opgeslaan en tentinspeksies in uniform trotseer. Saans het ons met ‘n kompas tydens nagmarse “verdwaal” en oor toubrûe geloop. Ons het die kampvure hoog laat brand, liedjies gesing en kampkonserte gehou. Op ander geleenthede het ons met rugsakke naweke in die berge gaan stap en in slaapsakke in grotte geslaap en bedags in waterpoele geswem.

Nog lekkerder was die “garage parties” en ons girls is “Village Gate” en “Garlicks” toe vir “outfits”. Daar was nou ‘n paar stywe-klere-nommers. Daar is op “Rock me Amadeus”, “Don’t leave me this way”, “Sledgehammer”, “Pappa don’t preach”, “Venus”, “Big in Japan”, “Walk like an Egyptian” en die “Final Coundown” gedans. OK Bazaars was ook in die middestad en dan koop ons gemendge lekkers wat geweeg moet word. Ek dink onmiddellik aan die “Peppermint Cups” met die tandepasta-vulseltjie in die middel...

Ek is getroud en ons is met twee pragtige seuns, Jaco (Marthinus) (26) en Thomas (23) geseën. Ek is baie lief om oorsee te reis en het al verskeie kere Duitsland, Italië, Nederland, Mauritius, Seychelles, Israel, Jordanieë, Turkye en Frankryk besoek. Ek het ‘n pragtige boerboel, Boetaboel, by die huis. By my kantore in Kaapweg, het ek ‘n span “sekuriteit hoenders” wat die gebou oppas. Alle duiwe en kraaie wat waag om in

SUNRIDGE VILLAGE Centre Managment: 041 360 9442 SUNRIDGE VILLAGE Kragga Kamma Road, Sunridge Park SUNRIDGE VILLAGE GENERATED POWER 24/7


die tuin besoek afte lê word deur die hoenders verjaag. “Ouma” lê net ‘n eier in die ontvangsdame se snippermandjie en versuim om in die hok te lê. Tans is dit broei-seisoen hier by die kantoor. Tussen gister en vandag, het vier nuwe kuikens uitgebroei en daar is nog op pad. Groot opgewondenheid!

Ek het ‘n Nasionale Diploma in Personeelbestuur by die destydse Port Elizabeth Technikon verwerf en is vereer met ‘n Robert Niven-beurs vir akademiese prestasie. Ek is ongelooflik geseën met ‘n suksesvolle loopbaan in skuldinvordering vir meer as 28 jaar en bestuur tans my eie maatskappy, Collect A Debt – Debt Recovery & Tracing Solutions in Kaapweg, Port Elizabeth.

Van my loopbaanhoogtepunte sluit in: die aanstelling as raadslid op die eerste Skuldinvorderingsraad van Suid-Afrika in 2003 deur die destydse Minister van Justisie, Dr Penuell Maduna (LP). Ek het op verskeie komitees binne die raad gedien. Ek is ook deur die Europese Skuldinvordings Wêreld Organisasie uitgenooi om as gasspreker tydens hulle wêreldkongres in Rome, Italië op te tree. In 2017 het ek die Regional Business Achievers-toekenning ontvang van Businesswomen’s Association of SA/Investec as die entrepreneur van die jaar.

Gebruik elke geleentheid om jou beste te gee en te wees. Vir al die toekomstige entrepreneurs is my raad: “ Moenie na julle kompetisie kyk en sê dat jy dit beter gaan doen nie. Kyk na jou kompetisie en sê jy gaan dit anders doen. Sit skouer aan die wiel en werk. ‘I never dreamt of success – I worked for it’.

Aan elke skolier in Framesby sluit ek af met dié woorde: “LEEF! Die lewe WIL geleef wees – LEEF HOM!”


Cooling off after a tough game of rugby yesterday at Framesby High School's festival, were (from left to right) Lizel van der Westhuizen, Mandy Duvenhagen, Ilse de Klerk, Hannalize van Rooyen and Riana van der Merwe. The matric pupils played against a team of women teachers, and won 9-4. One tired teacher was heard to say after the fun game: "It was their superior fitness that did the trick."










SUNRIDGE VILLAGE Centre Managment: 041 360 9442 SUNRIDGE VILLAGE Kragga Kamma Road, Sunridge Park SUNRIDGE VILLAGE GENERATED POWER 24/7

# FRAMESBY
## OUDSKOLIERE (FOS)

Beste Oudskolier
Ons wil julle graag van gebeure rondom jul alma mater op hoogte hou. Om hierdie rede wil ons graag ons databasis op datum bring en vra dat alle oudskoliere asb. die volgende inligting na **fos@framesby.co.za** sal e-pos:

- ✓ NAAM EN VAN :
- ✓ NOOIENSVAN:
- ✓ ID-NOMMER:
- ○ JAARTAL GEMATRIKULEER:
- ○ ADRES:
- ○ PROVINSIE:
- ○ BEROEP:
- ○ TELEFOON:
- ○ SELFOONNOMMER:
- ○ E-POSADRES:



**U inligting bly hoogs vertroulik.**
**Die rede hoekom ons u ID-nommer benodig, is om te verhoed dat ons duplikate op ons sisteem stoor.**



SUNRIDGE VILLAGE Centre Managment: 041 360 9442 SUNRIDGE VILLAGE Kragga Kamma Road, Sunridge Park SUNRIDGE VILLAGE GENERATED POWER 24/7

SUNRIDGE VILLAGE

where everybody knows your name

## TENANT CONTACT LIST - JULY 2021

| | |
|---|---|
| Absolute Pets | 067 776 0661 |
| Bakers Street | 060 767 1330 |
| Barksole Shoe Repairs | 063 313 2023 |
| Build It | 041 360 9790 |
| Capellini Coffee & Restaurant | 041 360 3784 |
| Canine Pet Boutique & Deli | 041 360 3797 |
| Clicks & Clicks Pharmacy | 041 360 0179 |
| Crazy Store | 087 135 8733 |
| de'Keg | 041 492 3700 |
| Eglings Pro-Foto / KODAK | 041 360 4436 |
| Elle Lifestyle Boutique | 041 360 6104 |
| Fishtales | 041 360 2877 |
| Hair & Beauty @ The Village | 041 360 1199 |
| IT On The Move | 084 752 7927 |
| Lady J's Bridal Studio | 041 360 3255 |
| LIA Fashions | 041 360 3311 |
| Ling Long Chinese Take Away | 041 360 0590 |
| Mary's Home Industry | 041 360 9995 |
| Mobilities Vodacom | 041 363 1818 |
| Norma Jeans Nail & Beauty | 041 360 2204 |
| Oasis Water | 072 386 0130 |
| Optilife | 041 450 9454 |
| Optiskin | 060 682 9924 |
| Pick 'n Pay Clothing | 041 360 3718 |
| PostNet | 041 360 7441 |
| Ray's Car Wash | 083 227 4102 |
| Ray's House of Biltong | 041 360 2007 |
| Roman's Pizza | 041 360 3104 |
| S.A. Post Office | 041 509 8681 |
| San Fernando's | 041 368 1954 |
| Spec-Savers Sunridge Park | 041 360 8406 |
| Spice Café | 081 722 5308 |
| Sunridge Barber | 084 578 3714 |
| Sunridge Exchange | 041 360 1109 |
| Sunridge Service Station | 041 360 1513 |
| Sunridge SuperSpar | 041 360 1509 |
| Thandi Florist | 041 360 3594 |
| Tidy Tucs Tailor | 062 626 0385 |
| Tops Liquor Store | 041 360 1509 |
| Twee Vellies | 072 634 6575 |
| Universal Cellular | 041 360 5919 |
| Vangela's Jewellers | 041 369 0100 |
| Village Laundry | 079 598 5196 |
| Wimpy | 041 360 1757 |
| Woolworths Food | 041 398 3600 |
| Zebro's Charcoal Grilled Chicken | 041 360 0331 |
| Ziningi Gifts | 081 719 9563 |
| OMEGA SECURITY KIOSK | 083 227 0649 |

**Centre Management: 041 360 9442**

**www.sunridgevillage.co.za**